**LYDENSTYD: Vierde Lydensondag**
**Lyding bring Hoop**

Tekste: Psalm 25: 1-7, 1983; Openbaring 22: 20-21, 1983; Psalm 27: 1-14, 1983.
Fokus teks: Jesaja 53: 4-11, 1983.
Liedere: VONKK 5: 1-3; Gesang 203: 1-3; Gesang 239: 1, 3 4n 4; Gesang 190: 1-3; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

# AANKONDIGINGS:

- Gelukkige verjaarsdag! Vandag 15 Maart verjaar Theuns Groenewald, John van Aswegen en Lappies Labuschagne. Maandag 16 Maart Cordia Horn en Saterdag 21 Maart Ruan Olivier. Ons wens julle alles van die beste toe.
- BESOEK gerus gemeente ZUURFONTEIN se webblad vir geestelike artikels, preke, toerusting, Bybelstudie, foto's en sommer nog baie meer. Kliek op hierdie skakel: https://nhzuurfontein.org Die webblad is ook vir selfoon gebruik gebou. Suid-Afrika, Indonesië en die VSA besoek ons die meeste en die Oekraine het Groot-Brittanje uit die top 10 besoekende lande geskop. Ons top drie gelese plasings is (i) Artikel: What does IMN mean by Transitional Leadership, (ii) Artikel: Six reasons churches experience the doldrums en (iii) Bybelstudie: Christus se gawes aan sy kerk.
- Hierdie week het ons met die finale syfers van die boekjaar, 1 Maart 2025 tot 28 Februarie 2026,

---

gewerk. Ons het ‘n nuwe begroting vir, 1 Maart 2026 tot 28 Februarie 2027, opgestel. Hierdie begroting sal na die Finkom se vergadering vandag, aan die gemeente gegee word vir finale goedkeuring. Ons werk met 'n 4,5% begroting, dus verhoog ons inkomste en uitgawes met 'n gemiddeld van 4,5%. Dankoffers sal dus ook met 4,5% vanaf 1 Maart 2026 verhoog. Dankie vir begrip en ondersteuning.

## LIEF & LEED:

- Oom Hannes Venter is op Vrydag 13 Maart geopereer om kanker aan sy voorkop en oogbank te verwyder.
- Elsie van Eeden is weer by Haematologie Pretoria Oos hospitaal opgeneem vir verdere dialise.
- Oom Attie Els is oorgeplaas na die Intercare Pysical Rehabilitation Hospitaal – Irene. HY kan besoek word tussen 11:00 en 20:00.

## KLOK:

Tekste: Psalm 25: 1-7, 1983; Openbaring 22: 20-21, 1983; Psalm 27: 1-14, 1983.
Fokus teks: Jesaja 53: 4-11, 1983.
Liedere: VONKK 5: 1-3; Gesang 203: 1-3; Gesang 239: 1, 3 4n 4; Gesang 190: 1-3; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

## TOETREDE:

Ons staan vir 'n toetrede lied ~ VONKK 5: 1-2 ~ Vreugde! Vreugde, Juig van vreugde, want ons Heiland het verrys; die votum, seëngroet en daarna gaan ons weer sit.

### VONKK 5: 1-2 ~ Vreugde! Vreugde, Juig van vreugde, want ons Heiland het verrys.

## VOTUM:

Tot U, Here, rig ek my, my God, op U vertrou ek. Laat my vertroue tog nie tevergeefs wees nie. Niemand wat sy verwagting in U stel, sal beskaam word nie. Maak my u wil bekend, Here, leer my u paaie. Laat u waarheid my lei en onderrig my daarin, want U is God, my redder. In U stel ek elke dag my verwagting. Dink aan die liefde en trou, Here, wat U van altyd af betoon het. Dink aan my in u trou, Here, omdat U goed is (vgl. Psalm 25: 1-7).

Tekste: Psalm 25: 1-7, 1983; Openbaring 22: 20-21, 1983; Psalm 27: 1-14, 1983.
Fokus teks: Jesaja 53: 4-11, 1983.
Liedere: VONKK 5: 1-3; Gesang 203: 1-3; Gesang 239: 1, 3 4n 4; Gesang 190: 1-3; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

## SEËN:

Hy wat al hierdie dinge bevestig, sê: Ja, Ek kom binnekort. Laat dit so wees! Kom, Here Jesus. Die genade van die Here Jesus is met almal (vgl. Openbaring 22: 20-21, 1983).

## VOORLESER: Cecilia Barnard

## LOFLIED:

Gemeente, God het ons met Sy seën gegroet. Kom ons sing staande 'n loflied tot eer van die Here, en wel uit Gesang 203: 1-3 tot lof van die Here. Hierna kan ons weer ons plekke inneem.

## WET & BELYDENIS

Gemeente van ons Here Jesus Christus; vir ons Geloofsbelydenis en vir die wet van God, lees ons uit Psalm 27: 1-14, 1983.

"Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees? Die Here is my toevlug, vir wie sou ek vrees?

Tekste: Psalm 25: 1-7, 1983; Openbaring 22: 20-21, 1983; Psalm 27: 1-14, 1983.
Fokus teks: Jesaja 53: 4-11, 1983.
Liedere: VONKK 5: 1-3; Gesang 203: 1-3; Gesang 239: 1, 3 4n 4; Gesang 190: 1-3; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

As misdadigers op my afstorm om my dood te maak, my teëstanders en my vyande, dan is dit juis húlle wat struikel en val. Al sou 'n leër teen my stelling inneem, sal ek nie bang word nie. Selfs al sou die aanval op my begin, sal ek nog steeds vertroue hê.

Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag: dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel.

Op die dag van gevaar sal die Here my wegsteek in sy huis, my veilig laat skuil in sy woonplek, my hoog op 'n rots laat staan; ek sal in sy woonplek onder trompetgeklank my offers bring, ek sal 'n lied sing, ek sal sing tot die eer van die Here terwyl ek neerkyk op die vyande rondom my.

Luister tog na my, Here, as ek roep; wees my genadig en verhoor my gebed. Ek onthou wat U gesê het: “Julle moet My kom dien!” Ek is hier om U te dien, Here.

Moet U tog nie vir my verberg nie, moet my tog nie wegstuur terwyl U toornig is nie, want U was nog altyd my hulp. Moet my tog nie verstoot en verlaat nie, want U

---

alleen is die God wat my red. Al sou my vader en my moeder my verlaat, die Here sal my onder sy sorg neem. Leer my u wil, Here, en lei my op 'n gelyk pad sodat my vyande nie hulle sin kry nie. Moet my tog nie oorgee aan die venyn van my teëstanders nie, want daar staan vals getuies teenoor my en hulle blaas geweld teen my aan.
As ek darem nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes nie ...!
Vertrou op die Here! Wees sterk en hou goeie moed! Ja, vertrou op die Here!”

## SKULDBELYDENIS:

Ons staan skuldig teenoor God en medemens. Laat ons ons skuld bely. Kom ons sing Gesang 239: 1, 3 en 4 ~ Heer, my rots, bo almal groot staan U vas in elke nood.

## SKRIFLESING: Jesaja 53: 4-11 ~ Die voorspelling en betekenis van Jesus se lyding

“Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf

word, wat deur God geslaan en gepynig word. Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom.

Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op hom laat afkom.

Hy is mishandel, maar hy het geduldig gebly, hy het nie gekla nie. Soos 'n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos 'n skaap wat stil is as hy geskeer word, het hy nie gekla nie.

Terwyl hy gely het en gestraf is, is hy weggeneem, en wie van sy mense het dit ter harte geneem dat hy afgesny is uit die land van die lewendes? Hy is gestraf oor die sonde van my volk.

Hy het 'n graf gekry by goddeloses, hy was by sondaars in sy dood al het hy geen misdaad gepleeg nie en al was hy nooit vals nie.

Dit was die wil van die Here om hom te verbrysel, om hom die pyn te laat ly. As hy sy lewe as skuldoffer gee, sal hy

'n nageslag hê en nog lank lewe, deur hom sal die wil van die Here sy doel bereik.

Ná sy bitter lyding sal hy weer die lig sien en hy sal die Here ken. My dienaar, die regverdige, sal baie mense regverdig maak: hy sal die straf vir hulle sonde dra."

## Laat ons saam bid:

## PREEK:

Die vierde Lydensweek bring ons nog nader aan die hart van Lydenstyd. Tradisioneel verskuif die fokus van hierdie week na die diepte van God se genade wat juis in Christus se lyding sigbaar word. Terwyl die pad na die kruis al duideliker voor ons lê, herinner die kerk ons dat die lyding van Christus nie net 'n verhaal van pyn is nie, maar ook 'n openbaring van God se liefde vir 'n gebroke wêreld. In hierdie tyd word ons genooi om stadiger te leef, die evangelie dieper te hoor en weer te ontdek dat God se genade juis daar sigbaar word waar die wêreld net pyn en verlies ervaar.

---

Ons teks uit Jesaja 53:4–11 neem ons reg na die hart van hierdie geheim van die geloof. Hierdie gedeelte uit Jesaja is een van die mees aangrypendste profesieë in die Ou Testament. Dit is eeue voor die geboorte van Jesus geskryf, maar wanneer ons dit lees, klink dit amper soos ’n beskrywing van die Golgota gebeure.

Die profeet vertel van ’n Dienaar van die Here wat verwerp word, wat pyn verduur, wat die laste van ander mense moet dra. Hy skryf: “Hy het ons lyding op Hom geneem, ons siektes het Hy gedra… Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor.” Hierdie woorde raak aan die diepste kern van die evangelie: dat God self die pyn van die wêreld op Hom neem om mense te red.

Hierdie profesie het egter ontstaan in ’n tyd van groot nood. Israel was in ballingskap in Babilonië. Hulle stad was verwoes, hulle tempel vernietig en baie van hulle mense was weggevoer na ’n vreemde land. Vir baie van hulle was dit reeds die tweede geslag in ballingskap.

Hulle het dus nie eens die land van hulle voorouers geken nie. Dit was mense wat ontwortel was, mense wat gevoel het hulle dra die gevolge van ander mense se foute en sonde. Hulle het geworstel met die gevoel dat hulle ly vir sondes wat hulle nie self gepleeg het nie.

Daardie gevoel is nie vreemd aan ons wêreld nie. Baie mense vandag ervaar ook dat hulle die gevolge dra van besluite wat ander lank voor hulle geneem het. Ons wêreld ken baie vorme van onregverdige lyding. Soms kom swaarkry as gevolg van ander mense se besluite, ander kere tref dit ons sonder dat ons kan verstaan waarom. As ons almal vandag die kans sou kry om te vertel van die onregverdige swaarkry wat ons al beleef het, sou ons waarskynlik nie genoeg tyd hê om al die stories te hoor nie.

Teen hierdie agtergrond bring Jesaja ’n ongelooflike boodskap. Hy sê dat God selfs deur lyding sy verlossing bring. Die Dienaar van die Here ly nie vir sy eie skuld nie, maar vir die skuld van ander. Hy dra die pyn van mense

om hulle vry te maak. Wanneer die kerk hierdie woorde lees, kan ons nie anders as om Jesus Christus daarin te herken nie. Hy was sonder sonde en tog was Hy die Een wat verwerp is, geslaan is, gespoeg is, beledig is en uiteindelik gekruisig is. Die kruis was nie die straf vir sy sonde nie, maar vir ons s'n. Dit is die hart van ons geloof: Jesus Christus het vir ons gesterf sodat ons kan lewe! Die Blye Evangelie.

Wanneer ons oor hierdie waarheid nadink, is dit belangrik om ook te luister na die stem van iemand wat self diep oor lyding en geloof en hoop nagedink het. Die Duitse teoloog Dietrich Bonhoeffer is een van daardie mense. Bonhoeffer was 'n Lutherse predikant en teoloog wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog in Duitsland geleef het. Dit was toe dat Adolf Hitler en die Nazi-regime probeer het om die Christelike kerk te beheer en die evangelie te verdraai. Bonhoeffer het nie stil gebly nie, hy het openlik daarteen standpunt ingeneem. Hy het deel geword van die sogenaamde Belydende Kerk wat

geweier het om die evangelie aan politieke ideologie ondergeskik te maak.

Hy het gesê:
*Silence in the face of evil is itself evil. God will not hold us guiltless. Not to speak is to speak. Not to act is to act.*

Sy weerstand teen die onreg van die Nazi-stelsel het uiteindelik daartoe gelei dat hy gearresteer is. Bonhoeffer het byna twee jaar lank in die tronk deurgebring voordat hy in April 1945, net weke voor die einde van die oorlog, tereggestel is. Hy het dus nie net oor lyding geskryf nie; hy het dit self beleef. Daarom dra sy woorde 'n besondere gewig wanneer hy oor die kruis en lyding en hoop praat.

Bonhoeffer het een keer geskryf: "Slegs die lydende God kan help." Met hierdie eenvoudige sin wou hy sê dat God nie ver en onaangeraak van die wêreld se pyn staan nie. In Jesus Christus het God self in ons wêreld van lyding ingekom. God ken dus nie net ons pyn van 'n afstand af nie; Hy ken dit van binne af.

---

Hierdie gedagte help ons om Jesaja se profesie beter te verstaan. Wanneer die profeet sê dat die Dienaar ons lyding dra, beteken dit dat God self in ons menslike nood inkom. Jesus het geweet hoe dit voel om verwerp te word. Hy het geweet hoe dit voel om verraai te word. Hy het geweet hoe dit voel om alleen te wees. Hy het selfs die pyn van die dood ervaar. Daarom kan ons nooit sê dat God nie verstaan wat ons deurmaak nie.

Tog eindig die verhaal van Jesaja 53 nie by die lyding nie. Die profeet skryf dat die Dienaar ná sy swaarkry weer die lig sal sien. Met ander woorde: die pad van lyding loop uit op oorwinning. Hierdie patroon loop soos 'n goue draad deur die Bybel. Die kruis is nie die einde van die verhaal nie. Die opstanding volg. Die dood maak plek vir nuwe lewe.

Dit is 'n waarheid wat Israel ook moes leer. Toe die volk uiteindelik uit ballingskap terugkeer na Jerusalem, sou 'n mens verwag dat hulle groot fees sou vier. Maar toe hulle

die verwoeste stad sien, het moedeloosheid weer die oorhand gekry. Hulle het die verwoesting gesien en vergeet van die verlossing wat God reeds gebring het.

Ons doen dikwels dieselfde. Ons sien maklik die probleme rondom ons, maar ons mis die groter werk van God. Jesaja nooi ons om anders te kyk – om deur die lig van Christus se kruis na ons wêreld te kyk. Wanneer ons dit doen, sien ons dat God selfs die donkerste oomblikke kan gebruik om nuwe lewe te bring.

Daarom kan die kerk ook praat van hoop. Maar die Bybelse begrip van hoop beteken nie bloot wensdenkery nie. Wanneer die Bybel van hoop praat, beteken dit sekerheid. Ons hoop op Christus omdat ons weet wat Hy reeds gedoen het. Ons weet dat sy lyding nie verniet was nie. Ons weet dat sy kruis vir ons verlossing gebring het.

Daarom kan gelowiges ook in moeilike tye volhard. Bonhoeffer het in een van sy briewe uit die tronk geskryf dat Christene nie net in God glo nie, maar ook saam met

God in die wêreld ly. Om Christus te volg beteken dat ons soms die pad van swaarkry sal ken. Maar dit beteken ook dat ons nooit sonder hoop sal wees nie.

Jesaja sluit sy profesie af met die belofte dat die Dienaar uiteindelik baie mense sal red en regverdig maak. Die lyding van Christus bring nuwe lewe vir die wêreld. Daarom staan ons vandag as gelowiges met hoop in ons harte. Want so seker as wat Jesus gely het, so seker het Hy ook opgestaan. En so seker as wat sy lyding die oorwinning gebring het, so seker kan God ook in ons lewe nuwe begin bring.

Mag ons daarom in hierdie Lydensweek weer leer om deur die kruis na ons wêreld te kyk. Mag ons ontdek dat God se genade selfs in die donkerste oomblikke teenwoordig is. En mag ons, soos Paulus skryf, geduldig volhard, want ons weet: God is getrou.

Amen.

Tekste: Psalm 25: 1-7, 1983; Openbaring 22: 20-21, 1983; Psalm 27: 1-14, 1983.
Fokus teks: Jesaja 53: 4-11, 1983.
Liedere: VONKK 5: 1-3; Gesang 203: 1-3; Gesang 239: 1, 3 4n 4; Gesang 190: 1-3; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

## SLOTSANG: Grote God, aan U die eer! Heerlik is waar U regeer ~ Gesang 190: 1-3.

## SEËN: Staan

Gesang 268 + Psalm 134: 1-2 + Gesang 268